NG Kerk
Vrystaat

*Erediens*

# Wet Alt3

## WET ALTERNATIEF 3

## HERNUDE TIEN GEBOOIE

Ds Gert Duursema vertaal 'n Nederlandse hervertelling van die tien gebooie wat nuwe lig daarop laat val:

Ek is die Here jou God, wat my volk Israel uit die slawerny van Egipte bevry het en wat jou in Jesus Christus uit die mag van die bose verlos het.

1. Jy mag nie dinge uit die skepping jou god maak nie, maar jy mag my – Vader, Seun en Gees, die enige ware God – ken en uself met u hele hart aan My alleen toevertrou.
2. Jy mag My nie op 'n ander manier vereer as wat Ek in my Heilige Woord beveel het nie. Buig jou alleen voor My neer, dien My in die Beeld van die Here Jesus Christus. Want Ek, die Here, is 'n God wat My laat geld, ook wanneer jy My verwerp. Die ongeregtigheid van die ouers het nagevolge vir jou kinders, kleinkinders en agterkleinkinders na hulle. Wanneer Ek ongeregtigheid by hulle vind, sal Ek dit straf. Maar Ek bewys barmhartigheid tot in die vêrste geslagte van hulle wat My lief het en My gebooie onderhou.
3. Gebruik die naam van die Here jou God vrymoedig, maar nooit sonder eerbied nie, want Hy sal diegene wat Sy naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie.
4. Gedenk die rusdag deur dit te heilig, soos die Here jou God jou beveel het. Jy het ses dae om al jou werk te doen, maar die eerste dag van die week is 'n dag aan die Here jou God gewy. Jy moet rus gun aan al die personeel wat van jou afhanklik is, selfs aan die vreemdelinge wat by jou woon. Jy moet die natuur as God se skepping eer en nie uitput nie. God self rus en geniet Sy skeppingswerk na voltooiing daarvan. Want jy moet in die samekoms van Gods volk dit gedenk dat Jesus Christus, onse Heer, op die eerste dag van die week opgestaan het uit die dood. Daarom seën en heilig God die rusdag as dag van die Here vir Sy gemeente in die wêreld op weg na die nuwe skepping.
5. Kinders, julle moet ontsag hê vir julle ouers, want die Here Jesus vra dit van julle. God se gebod en Sy beloftes geld vir die hele lewe: eer jou vader en jou moeder; dan sal dit met jou goed gaan en sal jy lank lewe op aarde.
6. Jy mag niemand se lewe in gevaar stel nie. Nog minder mag jy enige haat teen jou naaste koester. Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Jy moet selfs jou vyand liefhê. Wees daarop uit om jou met jou naaste te versoen.
7. Jy mag geen egbreuk pleeg nie, maar die huwelik heilig hou. Getroud of ongetroud moet jy jou liggaam en siel as tempel van die Heilige Gees suiwer bewaar.
8. Jy mag nie steel nie, maar inteendeel getrou werk om ook jou behoeftige medemens te help. Moenie gierig of hebsugtig wees nie. Moenie jou geld verkwis nie, maar wees 'n goeie rentmeester oor die besitting wat God aan jou toevertrou het.
9. Jy mag nie teenoor jou naaste as 'n valse getuie optree nie, maar die waarheid in woord en daad liefhê. Lieg en bedrieg is tipiese werk van die satan.
10. Jy mag nie sinnigheid hê aan jou naaste se huis nie, ewemin aan sy vrou, sy personeel of sy besittings nie – op niks wat aan hom behoort nie. Wees dankbaar vir wat God jou gegee het.

Kortom, jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, siel, verstand en krag. En jou naaste moet jy liefhê soos jouself.

(Met dank aan Noord-Kaap eNuus.)